

# KOMMUNIKAMMA 6 FEBRUARIE 2022



## **Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:**

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

## **PROGRAM VIR DIE WEEK:**

**Skriflesing:** 1 Korintiërs 15:1 - 11

**Tema:** Die opstanding laat my opstaan.

<https://youtu.be/XBK8jt4gCgA> Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

## **08:30 EIETDSE DIENS EN KLEUTERKERK**

Ons wens die volgende egpare geluk met die doop van hulle babas:

Marie en Zandre Kohne met die doop van Zandri

Divan en Deané de Beer met die doop van Franco

## **09:45 KATEGESSE vir graad 1-11**

## **10:00 KLASSIEKE DIENS**

**Die deurdankoffer vandag gaan vir Sinodale Dankoffer Vrouebediening**

## **EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU**

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Daar mag nou **250 persone** per erediens in die kerkgebou wees. Die diens word steeds digitaal beskikbaar gestel.

**Indien jy 'n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn besprekingsvorm te voltooi.**

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. **Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.**

**Jou bespreking verseker jou van 'n plek in die erediens.**

**Neem asb. kennis dat dit nie 'n vereiste is om plek te bespreek nie. Dit maak net die proses makliker, want ons moet 'n naamlys hê van almal wat by die erediens was.**

## **STILTETD- OF HUISGODSDIENS MATERIAAL**

Op ons gemeente se webblad is die volgende materiaal beskikbaar:

- Saamstap Stiltetyd vir elke maand word beskikbaar gestel. Ons lees hierdie jaar deur die Ou Testament.
- Kerkjaar tekste wat aansluit by die weeklikste tema's waaroor ons preek.
- Huisgodsdien op Toep  
Mense inspireer ons dikwels om die regte goed te doen. Hierdie week (6-11 Feb) vier ons mans in die Bybel wat ware mans is – nie omdat hulle perfek is nie, maar omdat hulle wel iets verstaan van wat dit beteken om **'n man na God se hart** te wees. Kom gee saam met ons high fives!
- Dag 1: 'n High five vir 'n man wat nederig is (1 Korintiërs 15:9-10)
- Dag 2: 'n High five vir 'n man wat liefdevol is (1 Samuel 19:1-7)
- Dag 3: 'n High five vir 'n man wat onbaatsugtig is (Genesis 13:1-12)
- Dag 4: 'n High five vir 'n man wat selfbeheersing het (Genesis 39:6-20)
- Dag 5: 'n High five vir 'n man wat berou kan toon (Johannes 21:15-19)
- Dag 6: 'n High five vir 'n man wat kan vergewe (Genesis 33:1-5)

- Laai die app af by:
- Google Play: <https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en>  
Apple iStore: <https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715>

### **Maandag 7 Februarie**

**9:30 BIDUUR BY KKV**

**12:45 GEBEDSKILD**

Gemeente gebedgeleentheid by konsistorie. Almal is welkom.

### **Dinsdag 8 Februarie**

**10:00 en 11:00 DIENS BY STELLA LONDT**

### **Woensdag 9 Februarie**

**Voedselhulp aan PE-Noord**

**Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Willie Swanepoel kontak (sel 082 920 0261) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.**

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter. Hul gee ook toebroodjies vir 40 kinders wat honger gaan slaap en skool toe gaan. Hulle vra vir donasies van smeergoed. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

**Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds meer as R295 866,98 gebruik om kos aan te koop. Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.**

U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

### **KERKKANTOOR**

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

### **Vrydag 11 Februarie**

**05:00 MANNEGROEP by Carnationstraat 15**

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnummer 082 773 6205.

### **Sondag 13 Februarie**

**08:30 EIETDSE DIENS EN KLEUTERKERK**

**09:45 KATEGES**

**10:00 KLASSIEKE DIENS**

### **GEMEENTE BRING EN BRAAI**

Op Sondag 13 Februarie 2022 hou ons 'n gemeente bring en braai so van 11:30 se kant af agter die kerkgebou as inleiding tot Valentynsdag. Almal is welkom. Braaiers, roosters en kole sal voorsien word.

### **FONTEINVRIENDE**

Fonteinvriende hou op Donderdag 24 Februarie 2022 om 09:30 'n V&V (vasvra & vrugtefees) Ledegeld is R20.00 vir die byeenkoms. Die fonteinvriende is ons afgetrede mense. Indien jy meer inligting wil hê of nuut wil inskakel, kontak met Zelda Bakkes by sel: 083 950 6096.

### **SAKE vir GEBED:**

- Kraggakamma gemeente asook die ander gemeentes in die Ring van Algoa. Ons bid dat alle aktiwiteite tot eer van die Here sal geskied.
- In besonder vir NG Kerk PE Noord se beroepingsproses vir 'n nuwe leraar. Bid dat die Heilige Gees duidelik sal lei wie die regte persoon vir die gemeente sal wees.
- Lorraine gemeente se pad vorentoe.
- Ons bly laag op ons knieë as ons bid vir die kritieke stand van die damme van ons stad, asook vir die verouderde infrastruktuur van ons stad. Ons pleit dat die Here in Sy almag sal ingryp. Ons is diep afhanklik van Sy ingryping. Almal wat siek is. Ons bid dat elkeen van hulle genesing sal ervaar.

- Deon van der Mescht vra dat ons sal bid vir sy ma wat gediagnoseer is met kanker. Vra die Here om haar by te staan en haar pyn te verlig. Dit is ook moeilik vir haar huisdokter wat 'n huisvriend is en 'n lang pad met haar stap. Deon se broer gaan môre vir 'n ernstige nekoperasie.
- Renier du Preez is in die hospitaal. Bid vir sy vrou, Christina, en die familie.
- Almal wat siek is. Ons bid dat elkeen van hulle genesing sal ervaar.
- Almal wat sukkel om werk te kry, onder andere die matrieks en studente. Ons bid dat die Here vir elkeen van hulle 'n deur sal oopmaak en dat Hy vir hulle moed en geduld sal gee terwyl hulle wag.
- Die finansiële nood en werkloosheid in Kleinskool.
- Sylvia Wittal wat vermis word. Die polisie soektog duur steeds voort. Ons bid dat hulle haar sal vind.
- Bejaardes en almal wat sukkel. Ons bid Psalm 27:14 vir hulle toe. "Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here!"

### **Gebedsversoek vir There4-Bedieninge**

Christene in **Noord-Korea** leef daagliks in gevaar.

Bid saam met elkeen wat in die geheim aanbid, elkeen in 'n tronk, en die families van elkeen wat gearresteer of vermoor is. Vra dat God by hierdie gelowiges sal wees, en hulle sal versterk sodat hulle nie hoop sal verloor nie.

### **WELKOM NUWE LIDMATE**

Die volgende lidmate se lidmaatskap is vanaf 1 Januarie 2022 in die gemeente ontvang. Ons verwelkom hulle in Karggakamma Gemeente en hoop dat hulle gou tuis sal voel.

Craig en Liam Blignault in Wyk B11

Corné, Lizet, Liné, Anke en Nina Rossouw in Wyk B1

Kobus, Annemarie, Anrich en Elrie Thyse in Wyk B4

Micheal Mc Cleland in Wyk S11

### **KERKRAAD EN DIENSWERKERS VAKATURES**

Die gemeente het 'n 2 ouderling, 2 diaken en 8 dienswerker vakatures. Indien die Here jou lei om hier te dien, kontak asb vir Niekie.

### **MTR SMIT KINDEROORD VERJAARSDAE**

Die dames van die gemeente word uitgenooi om deel te word van die verjaarsdag-bediening by die MTR Smit kinderoord. Indien jy wil deel word van hierdie bediening en graag een van die dogters in Huis 8 wil bederf op haar verjaarsdag, kontak asb vir Debah van Eeden (082 933 2443) of Linda Rossouw (082 402 4396)

### **VERJAARSDAE**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- |              |   |
|--------------|---|
| 6 Februarie  | Philip de Lange, Heidi Gerber, Berto Kleinhans, Theunis Nortjé, Ernst Stapelberg en Alexander van Eck |
| 7 Februarie  | Hennie Botes, Isabelle Calitz, Amelie Kloppers, Lensia Knoetze en Cerene van Tonder                   |
| 8 Februarie  | Sue-Ann Delport, Gawie le Roux en Marushka Poovan   |
| 9 Februarie  | Hoppie Hiscock, Heidi Nothnagel, Hester Taljaard, Ansie van Graan en Amalia van der Westhuizen        |
| 10 Februarie | Marius Winter   |
| 11 Februarie | Willem Janse van Rensburg en Craig van Rooyen   |
| 12 Februarie | Janno Agenbag, Waldo Orban, Thriscka Stapelberg en Ruaan van der Merwe                                |



### **DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word. Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005

